

Woensdag 27 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-10

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:1-4

Hoe dikwels dink jy aan jou sonde?

Wees bietjie eerlik met jouself: Hoeveel sonde het jy gister gedoen? Kan jy tien opnoem?

Dis nogal maklik om 'n gebed af te sluit met die woorde: “Vergeef ons ons sonde, om Christus ontwil.” Waarvoor vra ons nou eintlik?

Jy behoort te weet wat sonde is. Daar is 'n hele paar definisies: *As jy weet wat die regte ding is om te doen, en jy doen dit nie. Of: om jou doel te mis. Of: om die wet van die Here te oortree.* Jy kan maar 'n paar byvoeg.

Die probleem is dat God van elke sonde weet. Elkeen maak God toornig! Vir elkeen moet Christus tussen jou en God gaan staan, sy hande en voete vir sy Vader wys, en pleit (Rom. 8:34; 1983-vertaling).

Daagliks is daar in die Ou-Testamentiese tyd geoffer. Daar was baie verskillende offers – lees weer Levitikus 1-7. Elkeen wat aan sy sonde herinner is, moes 'n onskuldige dier bring, keel afsny, die priester vra om dit op die altaar te verbrand, sodat God nie in sy toorn die sondaar straf nie.

Nagmaal moet ons ook aan ons sonde herinner. Het dit regtig 'n invloed op jou lewe? Nou hoor jy nie die geroggel as die lam doodbloei nie. Wat hoor jy? Brood breek. Maak toe jou oë. Sien die naakte Jesus aan die kruis. Vir jou sonde – wat jy waarskynlik so vinnig vergeet as wat jy dit doen.

Môre kyk ons waarom Christus dit gedoen het.

Sing: Psalm 130:2 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)